Pretoria- 15 September 2013

Skriflesing: Markus 4:26-34
Teks: **Markus 4:28**
Sing- Ps. 104:1,2,8,9; Ps. 40:3; Ps. 119:44; Ps. 29:5

Mar 4:26 En Hy het gesê: So is die koninkryk van God, soos wanneer ‘n mens die saad in die grond gooi;
Mar 4:27 en hy gaan slaap en staan op, nag en dag, en die saad spruit uit en word groot— hoe, weet hy self nie.
Mar 4:28 Want vanself bring die aarde vrug voort, eers ‘n halm, dan ‘n aar, dan die volle koring in die aar.
Mar 4:29 En wanneer die vrug dit toelaat, steek hy die sekel dadelik in, omdat die oes daar is.
Mar 4:30 En Hy het gesê: Waarmee moet ons die koninkryk van God vergelyk, of met watter soort gelykenis moet ons dit voorstel?
Mar 4:31 Dit is soos ‘n mosterdsaad, wat die kleinste is van al die soorte saad op die aarde wanneer dit in die grond gesaai is;
Mar 4:32 en wanneer dit gesaai is, kom dit op en word groter as al die groentesoorte en maak groot takke, sodat die voëls van die hemel onder sy skaduwee nes kan maak.
Mar 4:33 En met baie sulke gelykenisse het Hy die woord tot hulle gespreek volgens wat hulle kon verstaan;
Mar 4:34 en sonder gelykenis het Hy tot hulle nie gespreek nie; maar afsonderlik het Hy vir sy dissipels alles uitgelê.

Skriflesing: Markus 4:26-34
Teks: **Markus 4:28**
Sing- Ps. 104:1,2,8,9; Ps. 40:3; Ps. 119:44; Ps. 29:5

Broeder en suster- Die gelykenis waarop ons vanoggend die klem wil plaas staan net een plek in die Bybel. Dit is net die evangelie van Markus wat hierdie gelykenis beskryf. Markus die jongman uit wie se hand hierdie evangelie kom was iemand wat in die verloop van die lewe ook moes agterkom daar is altyd die dinge waaroor ek as mens nie beheer uitoefen nie. Dink maar aan hom, hoe hy die nag toe Jesus gevange geneem was, net met ’n laken daar was en toe hulle hom gryp het hy hom van die laken losgedraai en naak daardie nag ingehardloop (Mark.14:51-52). As hy in sy evangelie die enigste is wat oor hierdie vernederende gebeurtenis skryf dan is dit maar ’n geval hy skryf dit tot beskaming, tot vernedering van homself.

Hy was nie ’n dissipel van Jesus nie, toe Jesus sy dissipels geroep het toe was hy nog te jonk. Hy kom wel uit ’n besondere huis. Sy ma, ’n vrou ook met die naam Maria, hy en Jesus se ma’s dieselfde name, maar Markus se ma was tog ’n besondere vrou. Dit wil uit Hand 12:12 voorkom of haar huis vir die eerste Christene ’n gereelde bymekaarkomplek was. Ons aanvaar dit was veilig geleë, gerieflik, wel geskik om daar as kerk die Here te dien. Ja, hierdie huis word ook gesien as die moontlike tuiste waar die eerste Nagmaal ingestel was en Jesus in Markus se ma se huis die laaste Pasga gevier het.

Alles dinge wat in ’n sekere sin outomaties gebeur het, maar tog ook nie so outomaties nie. Hierna sal ons elke keer waar na moet terugkom. Hoe vanselfsprekend mag sekere gebeure en sekere dinge gebeur, daaraan kan ek nie verander nie, maar tog is ek intens daarby betrokke.

***

Markus het nie net die beskamende van die laken in die nag beleef nie, maar ’n ander beskamende gebeurtenis in sy lewe was wat hy met sy oom Barnabas, belewe het. Die kerk wat met die vanselfsprekende in die lewe dikwels met die beskamende van die lewe gekonfronteer staan. Beskamend was dit vir Markus toe Paulus hom nie op sy tweede sendingreis wou saamneem nie. Paulus het gevoel dat Markus was ’n teleurstelling op die eerste sendingreis. Hy het vir hulle in die steek gelaat deur te gou tou op te gooi, om te draai en, huis toe te gaan. Daar was erge wrywing hieroor, in die mate Barnabas het toe ook nie saamgegaan nie, omdat hy graag Markus, wel dan sy familie, wou saamneem. Families wat tot beskaming van mekaar kan optree. Tog weereens ons hoef nie hierby vas te steek nie. Want God se koninkryk werk nie asof dit mensewerk is wat die koninkryk sal laat slaag of nie. Die ewige koninkryk, God se koninkryk hang ook nie af van families en invloedryke mense nie. Ons as mense het ons plek, het ons werk, ons het ons krag, ons het ons gawes, ons het ons insig, ons het ons vermoëns maar moenie dink dit is ons wat sal maak of die koninkryk ’n sukses gaan wees of nie. Hou dit maar in die agterkop!

Markus wat waarskynlik die eerste evangelie geskryf het, so is sy evangelie die oudstes van al die evangelies wat ons in die Nuwe Testament kry. Hy het wel die onderonsie met Paulus gehad maar tussen Markus en Petrus was daar ’n besondere band. Aan die einde van 1 Petrus dan praat Petrus van Markus as hy is my seun- 1 Pet.5:13- ***13*** *Die mede-uitverkorene in Babilon en Markus, my seun, groet julle.*

Ja, die tradisie wil dit hê dat die dinge wat in Markus geskryf staan eintlik maar Petrus is wat vir Markus gevra het om die dinge neer te skryf in wat Petrus vir hom voorgesê het, dan het Markus dit net neergeskryf. So het die evangelie van Markus uit Rome tot stand gekom, toe hulle twee, Markus en Petrus saam daar was en Markus ’n tolk vir Petrus was. Markus wil nogal lyk ’n begaafde tale méns kon wees. Hy is Petrus se tolk maar dan het hy Latyn seker ook kon praat want gebruik hy in die evangelie nogal heelwat “vergriekse” Latynse woorde, dit wat die Romeine gepraat het. Sy evangelie is geskryf nie eerstens met die oog op sy

volksgenote nie, maar op die mense met ’n nie-Joodse agtergrond. Veral dan aan die Romeine het Markus sy evangelie geskryf. Mattheus weet ons is wel eerstens geskryf vir Jode, Lukas is weer deur en deur vir hulle buite die Jodedom geskryf. Lukas wat ’n mediese dokter was, was self nie ’n Jood nie, wat in vergeleke met Mattheus en Markus meer ’n tussengroep in die oog gehad het. Lukas noem sy lesers bloot die “godvresendes”....

***

Wanneer ons hierdie unieke gelykenis in Markus lees waar Jesus klem lê op hoe die ontwikkeling en groei in God se koninkryk plaasvind dan staan dit natuurlik in aansluiting (by verlede Sondag se gelykenis), dié van die saaier Mark 4:1-20). By die saaier is dit die verskillende oppervlaktes grond wat ter sprake kom, hierdie gelykenis handel nie soseer oor die grond nie, maar hoe goed die saad is. Dit groei, dit groei vanself, dit groei kragtig. Die saad kan wortels maak wat deur rotse breek en krake in klip oopbreek. Eenkant die kragtige, die geweldig sterke, die oopbreker van grond en klip, aan die ander kant is die plant ’n gewer van voedsel, van skaduwee, dit maak lewe moontlik. Dit is Jesus ook. Met mag en met deernis het Hy ons lewens ingekom.

Al het Jesus na mense se menings kontroversiële dinge gedoen, is dit die krag en deernis waarmee Hy werk wat saak maak. Vanaf Markus 2 is die kontroversiële bymekaar. Na Jesus in Markus 1 sy dissipels geroep het en genesing preek kom die dadelike kontrovers na vore. Hoe kan Hy ander mense hulle sondes vergewe (Mark 2:9-10)... Hy eet saam met tollenaars en sondaars (Mark 2:16). Hy verdedig sy dissipels wat op die Sabbat are gepluk het en boonop maak Hy op die Sabbat ’n man gesond.

Die mag en die deernis van Jesus sluit aan by die deurlopende tema in Markus wat aanmekaar wys dat God is ’n almagtige God. Jesus se dade ontvang baie meer aandag in Markus as Jesus se woorde. Markus is ook lief om die woord “dadelik” te gebruik. 42 keer kom dit in die boek voor. Mattheus gebruik die woord “dadelik” 18 keer, Lukas gebruik dit maar 8 keer. Markus gebruik die woord amper dubbeld meer as Mattheus en Lukas saam... Dinge gebeur en dit gebeur dadelik. Daar is aksie. Markus gebruik graag die woord “dadelik” om gebeurtenisse aan mekaar vas te maak.

***

Daarom is Markus lief om veral aan Jesus se wonders aandag te gee waarin ons sien hoe Jesus kragvol, geheimenisvol werk. So leer ons Jesus in Markus ken, nie net as Messias soos Mattheus Jesus skilder nie, maar Markus teken Jesus by uitstek as Koning. Die Koning wat

mense se begrip en mag te bowe gaan. Mense is verbaas in wat Jesus kan doen. Dit wil Markus ons wys. Dit kan ons maar glo dat die koninkryk van God is 'n koninkryk waarin die Koningskap van Jesus Christus deur niks gekeer sal word nie.

***

Al hierdie dinge wat die Markus-evangelie besonders maak, maak vandag se gelese gelykenis net so besonders. Ons het te doen met 'n geheimenisvolle deurbrekende opskietende groei. Vir die mens is die groei so goed, dit lyk of dit outomaties groei, dit lyk vanselfsprekend te wees. Dit kom selfs as alledaags voor. Die boer gaan slaap, staan op, sy werk as boer om water te gee, om die grond skoon te hou is wel aanwesig maar die eintlike sukses lê nie in wat die boer doen nie. Daar is iets baie groter as die boer aan die werk. Biljoene saadjies kom in die grond, hulle skiet wortel sonder enige menslike ingrype. Ja, triljoene plantjies skiet jaarliks in die planteryk op sonder dat die mens daarby betrokke is. Dink maar die duisende en duisende hektare valleie, heuwels, gebergtes en vlaktes wat met plantegroei bedek staan sonder dat die mens dit kon bewerk. Dit gaan oor die werk van die saad. In die saad gebeur iets geheimenisvol. 'n Krag wat dit laat uitgroei wat nie gesien kan word nie. Dit kom eenvoudig net na vore. So is die koninkryk van God. Stadig maar seker groei dit.

Wanneer koring uit saad ontwikkel dan besef ons die groei en die ontwikkeling van die koring gebeur op 'n manier wat ons in God se hande moet laat. Die woord wat Markus hier onderstreep is die woord *vanself... vanself bring die aarde vrug voort, eers 'n halm, dan 'n aar, dan die volle koring in die aar...* Hier is 'n kragvolle geheimenisvolle werking en verbaas kyk die saaier na wat besig is om plaas te vind. Hy wat die saaier is weet nie presies hoe al hierdie dinge gebeur het nie, dit lyk of dit "vanself" gebeur het maar hy kan maar net sy sekel uithaal. Ja, Markus sê ***29*** *En wanneer die vrug dit toelaat, steek hy die sekel dadelik in, omdat die oes daar is.*

***

Geliefdes, dit wat ons hier lees, dit wat so wonderlik vir ons moet wees, juis dit is vir ons so moeilik. Om sekere dinge in die hande van die Here te laat en te aanvaar ek kan daar niks bydra nie ek kan daar niks aan verander nie. Ons voel onsself so dikwels onmisbaar en baie belangrik. Dit ook met 'n houding van ons kan alles doen. In wese hou ons nie baie van die dinge waaroor ons nie self die beheer kan uitoefen nie. Ek moet tog my mag, my vermoëns, my besondere aandeel kan aantoon. En laat ons dit duidelik maak. Die mens doen vandag dinge wat geen van die voorgeslagte in hulle verwagtinge kon dink dit kan gedoen word nie. Die mens wat die wêreld kan omkeer.

Mense wat dink hulle kan alles doen raak al hoe meer behep om dit ook te wil doen. Hulle hou hulle hande van niks af nie. Niks word met rus gelaat nie. Hulle wil reën maak, dink aan die terrein van gene en genetiese manipulering om te wil kom by die punt van kloning en dat mense glo dat hulle later babas uit 'n enkele sel kan voortbring, ja dat die skepping van nuwe lewe en nuwe mensies dan nou mensewerk moet wees. So raak die mens al hoe meer gespanne en oorhoops.

Mense wat besig is met astrofisiese navorsing doen werklik indrukwekkende dinge, ook vanuit SA. So is daar tans 'n projek aan die gang wat bekend staan as die Vierkante kilometer Netwerk (sg. VKN) wat uit sowat 3000 antennas sal bestaan wat een groot reuse radioteleskoop moet vorm en al die skottels bymekaargetel sal saam 1 vierkante kilometer volmaak, vandaar die toekomstige naam. Hulle wil die ding in 2016 begin bou. Die mense se soeke na o.a. lewe in die buitenste ruimte hou net nie op nie. Die tipe lewe wat ons gelykenis vanoggend van praat. Dit alles laat die mense glo dat daar iewers anders in die heelal ook lewe en vorme van lewe moet wees. Wanneer die bestaan van intelligente buiteaardse lewe bevestig kan word sal dit vir die mens iets geweldig wees. Ja, daar word sterk aanvaar dat iewers moet die dinge wat in die gelykenis staan ook buite die aarde om kan gebeur. Weereens net om te dink ons Melkwegstelsel bevat meer as 200 miljard sterre en daar is meer as 200 miljard sterrestelsels wat soos ons Melkweg is. Elk van die 200 miljard sterrestelsels wat buite ons ruimte en heelal omlê bevat op hulle beurt weer meer as die 200 miljard sterre. Die mens wil na sy aard in hierdie geweldige grootheid bly glo dat waar alles rondom ons so onmeetbaar groot is, moet daarbuite tog ook 'n plek wees waar saad groei, waar koring inkom, waar die lewe verbou word.

Dit laat my gedagtes duisel maar tegelyk besef ons, ons is veronderstel om hierin net weer die Here se werklike grootheid raak te sien, om dan juis sy goedheid te besef. Ons wat glo ons moet beheer kan uitoefen, ons moet dinge self kan doen, ek moet dit kan doen, niks is vir my onmoontlik nie. So wil baie ouers hulle kinders ook leer. Hulle plaas die kinders met hierdie gesteldheid onder sulke geweldige druk. Wat van die gedagte dat God sorg. Hy wat die lelies beklee en aan die voëls van die hemel kos gee. Dink ons genoeg daaraan?!

Nee, het die Duitse teoloog Thielicke geskryf- ons dink eerder aan ons wêreld as dit is my Titanic. Hierdie skip kan nie sink nie, want ons navigasie is perfek. Wat ons kon doen het

ons gedoen, wat ons kon maak het ons gemaak. Laat my skip die waters invaar ek noem hom christenskap! Ek het mos reggekom. Dan het ek nie die Een nodig wat oor die golwe na my aangestap kom nie. Tog is die kaptein van hierdie skip wat homself in beheer sien so vreesbevange. Hoekom kan hy nie tot rus kom nie, want sien hy nie die Een wat oor hom die oog hou nie. Wanneer ons Hom wat oor ons regeer vergeet dan raak ons angswekkend, dan glo ek dat alles hang van my af, ek moet by wees, niks wat sonder my gebeur word vertrou nie. Daarom kan ek niks aan ander oorlaat nie, die troos en en liefde wat daar is om te weet ek kan onbesorg lewe word weggeneem en dit doen ons aan onsself.

Weereens die lelies en die voëls het ons iets geweldig moes leer, vandag se gelykenis staan nie terug nie. Moet nie ons wêreld die Titanic maak nie. Dit het gesink. Is dit nie ’n voorreg as ’n mens oud kan word en iemand vra jou wat wil jy doen as jy oud is, dan soos Moltke te antwoord ek wil ’n boom sien groei. Ja, die Een wat ons die werklike groei laat sien, Hy vertel hierdie gelykenis, daardie steun wat van binne kom, innerlik werk die kragte, die krag van die Heilige Gees, Hy wat God is bring troos en blydskap. Krag en erbarming waarmee Markus gevul is. Daardie krag wat los van ons werk en tog deur ons werk, dwarsdeur ons heen.

As u weer na die reën die reënboog sien dan moet dit u troos wees. Die boog wat tussen die wolke span is deur God daargestel, dieselfde God wat die bome laat groei. Toe die water op die aarde alles weggespoel het, daar skyn die reënboog aan die donker hemel en dit is God se kruisboog. Dit wat Golgota ingesluit het. Die boog van God se genade.

Dit wat so onheilspellend op aarde gebeur, ja vandag op hierdie Sondag van 15 September 2013 is daar ’n oproep tot kerke in die verband van die GKSA gemaak dat vandag moet vir ons as kerke kragtens Art 66 KO ’n dag van verootmoediging en gebed wees in die lig van die voortgaande dade van opstand, moord, aanranding, korrupsie, bedrog en diefstal wat die openbare orde in gevaar stel. Daar is gevra dat ons ons voor God moet verootmoedig en ons word opgeroep om vas te stel of daar nie in die eie lewe ongehoorsaamheid is waardeur wandade verswyg, aangemoedig of gepleeg word nie en indien wel om deur die Gees van God te smeek om 'n lewens ommekeer.

Daar is gevra dat ons vandag in besonder moet bid dat die owerheid hulle roeping sal uitvoer om met krag teen enige wandaad op te tree wat verhoed dat ons in ons Vaderland ’n stil en

rustige lewe kan lei. Ons moet deur voorbeeld, woord en daad in alle aspekte van ons lewe ons beywer vir die voortgang en uitbreiding van God se koninkryk. Ja, die deputate wat ons hiertoe opgeroep het vra dat daar 'n verdieping mag wees in ons persoonlike gemeenskap met God deur Skrifstudie en gebed.

Dit wat art 66 KO vra sluit eintlik maar aan by die dinge waarmee ons getroos na die Here kan gaan en ons vra die Here dat Hy my deur al die onheilgeskiedenis wat hier plaasvind, dreigende oorloë en dies meer, Amerika wat dreig om Sirië aan te val, met die agtergrond van die onsigbare daaragter, gas wat mense doodmaak, jy kan dit nie sien nie, maar dit maak dood... dit is die mens se resultaat rondom die onsigbare ons maak mekaar dood. God se onsigbare... Hy laat die saad groei ...Watter geweldige kontras! Wie die reënboog ons sien oorspan het die belofte dat solank die aarde bestaan sal daar gesaai en geoes word, koue en hitte, somer en winter, dag en nag, sal daar wees. Dit is nie maar natuurwette nie maar dit is God se vingerwysing dat ons in ons verbysterende onrus in sy trou ons rus kan vind. Ja, besef u, u as mens hoef nie die reënboog te span nie, dit is klaar gespan, u hoef maar net daaronder te wandel.

AMEN